higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

GRAFIESE ONTWERP
NKR VLAK 4

(2020034)

22 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye en 4 antwoordblaaie.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Oorgangsletterbeelde deel almal die volgende kenmerke:

A Daar is 'n veel hoër kontras tussen dik en dun hale.
B Die letters het feitlik deurgaans geboë fatsoene.
C Die letters het wigvormige skrewe.
D Dit lyk baie soos 'n handskrif.

1.1.2 Inkunabels is ...

A fonte wat inkteksture bevat.
B boeke wat voor 1500 AE gedruk is.
C tipograwe wat met houtblokletters werk.
D letters met wigvormige skrewe.

1.1.3 Blackletter word deur ... gekenmerk.

A 'n gebrek aan skrewe
B 'n skuins spanning
C uiters dik strepe en ’n donker tekstuur
D dun, skoon, swart strepe

1.1.4 Comic sans is 'n ...

A skreeffont ('serif font').
B oustylfont.
C oorgangsfont.
D skreefloseletterfont.

1.1.5 Watter nuwe uitgewersontwikkeling aan die begin van die 18de eeu het die behoefte aan vertoonletterbeelde geskep?

A Boekuitgewers
B Reklame
C Die moderne onderwysstelsel
D Setwerk

(5 × 1) (5)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Die algemeenste metode waarvolgens ware 3D beelde geskep kan word, is ...-modellering.

1.2.2 Die nie-eenvormige rasionele basislat ('non-uniform rational basis spline – NURBS') word gebruik om modelle met ... oppervlakke te skep.

1.2.3 Luminositeit is die ... van 'n voorwerp.

1.2.4 'n Nodus is 'n punt in ruimte en dit kan ook 'n ... genoem word.

1.2.5 Een groot nadeel verbonde aan poligoonmodellering is dat dit nie ... oppervlakke kan skep nie.

(5 × 1) (5)

1.3 Voltooi die volginde sinne deur die woorde wat in die lys hier onder is te gebruik. Skryf slegs die woord/e langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

storiebordkunstenaars; simuleer; vertolking ('rendering'; agtergrondskilders; genereer; weegbaar; tipograaf

1.3.1 Om te … is om kenmerke te gee wat soortgelyk aan iets anders is.

1.3.1 … visualiseer die omgewing en agtergrondbesonderhede.

1.3.1 … skakel die manuskrip om in beelde wat die storie die beste kan oordra.

1.3.1 Om te … is om te skep of tot stand te bring.

1.3.1 … is die proses waarvolgens 'n tweedimensionele beeld uit 'n driedimensionele model geskep word.

(5)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Wit ruimte word vir deurskynende teks of grafika gebruik.

1.4.2 Dit is moeiliker om gesentreerde teks te lees as lang lyne nie deel daarvan uitmaak nie.

1.4.3 'n Onttrekaanhaling ('pull quote'), wat 'n klein stukkie teks in 'n groter letterbeeld is, word gebruik om die aandag vas te vang.

1.4.4 Die 'em'-streep word gebruik om lynbreuke in sinne aan te dui.

1.4.5 Die fases van 'n lessenaaruitgewery sluit 'n ontwerpfase, 'n dokumentopstelfase, 'n teksfase, 'n beeldfase, 'n lêervoorbereifase en 'n druk- en afrondingsfase in.

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.5 Gee EEN woord of term vir elkeen van die volgende beskrywings deur 'n woord or term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KSV; ideologieë; verbruikersdruk; nabootsing; minimalisme; vereenvoudiging

1.5.1 'n Werkende voorbeeld ('sample') om die formaat, uitleg of inhoud mee te hersien

1.5.2 'n Stel idees wat bepaal hoe 'n persoon, groep of samelewing in 'n spesifieke situasie optree

1.5.3 Definieer hoe HTML-elemente vertoon kan word

1.5.4 Die teorie dat die hoeveelheid geluk wat 'n persoon ontvang of voel, direk van die materiële dinge wat hulle koop, afhang

1.5.5 'n Styl of tegniek wat deur uiterste ylheid en eenvoud gekenmerk word

(5 × 1) (5)

1.6 Kies die korrekte woord of woorde uit die woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.6.1–1.6.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.6.1 'n Sin wat al die letters van die alfabet bevat, word 'n (pangram/anagram/pentagram) genoem.

1.6.2 Die styl van (transtekstuele/oorganklike/tradisionele/oorgangs-) letterbeelde word so genoem omdat dit onder Old Style- en Modern-letterbeelde ressorteer.

1.6.3 Webfonte is in WOFF-formaat beskikbaar. WOFF staan vir (wêreld-ooptipe fontformaat/weboopfontformaat/webopsie-fontformaat).

1.6.4 Amper alle tikfonte is (reguit/plat/skreeflose) letters.

1.6.5 Daar word dikwels gesê dat humanistiese letterbeelde onder 'n uiters sterk (gekalibreerde/kalligrafiese/kalifaat-/handskrif-) invloed is.

(5 × 1) (5)

1.7 Verduidelik elkeen van die volgende begrippe:

1.7.1 Vastetoestandgeheue

1.7.2 Eksterne hardeskyf

1.7.3 Plasmamonitor

1.7.4 KSB-monitor

1.7.5 Rich Black teenoor Plain Black

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

1.8 Wat is die verskille tussen *wolkgeheue* en *wolkverwerking*? (4)

1.9 Verduidelik die pligte of verantwoordelikhede van die volgende poste in speletjiesontwerp:

1.9.1 Omgewingskunstenaar

1.9.2 Modelleerder

1.9.3 Verligtingskunstenaar

(3 × 2) (6)
[50]

VRAAG 2

2.1 **HANDELSMERKFOTOGRAFIE**

Jou handelsmerk bestaan uit soveel meer as net jou logo en fontkeuses. Jou handelsmerk is die manier waarop jou onderneming met jou kliënte omgaan en hoe daardie kliënte jou en jou onderneming sien.

Dit is wat jou van jou mededingers onderskei en aan almal anders sê: 'Hallo daar, ek is professioneel in dit wat ek doen. Moenie eens twee keer nadink daaroor om my aan te stel nie aangesien ek geesdriftig is oor dit wat ek doen en my werk bewys dit!'

Handelsmerkfotografie is die volgende stap in die vorming van jou handelsmerk.

Nadat jy jou logo, fonte en die res van jou ontwerpselemente uitgedink het, is dit handelsmerkfotografie wat dit ALLES in 'n visuele vorm saambring.



[Bron: www.citygirlsearching.com]

Die uitbeelding van jou handelsmerk sluit kopkameraskote en profielfoto's in asook 'n uitbeelding van die fisiese produkte wat jy wil verkoop.

Ontleed die handelsmerkfoto's wat in VRAAG 2.1.1 tot 2.1.4 getoon word en bespreek hoe elkeen van die volgende fotografiese tegnieke gebruik is om die voorkoms en 'gevoel' van elke foto of beeldversameling te skep:

(a) Kontras

(b) Blootstelling

(c) Versadiging

(d) Verwringing

(e) Wat sê hierdie beeldstilering/-redigering omtrent die handelsmerk vir jou?

2.1.1



2.1.2



2.1.3



2.1.4



(4 × 5) (20)

2.2 Bestudeer die volgende tipografiese plakkate en beantwoord die vrae daarna.

Onder watter tipografiestyl ressorteer elke font? Verduidelik jou antwoord.

2.2.1



2.2.2



2.2.3



2.2.4



2.2.5



(5 × 2) (10)

2.3 Bestudeer die volgende gedrukte advertensies en identifiseer die reklametrekkrag wat in die advertensies gebruik word. Verduidelik jou antwoord en bespreek hoe elke advertensie met behulp van die reklametrekkrag wat jy geïdentifiseer het, die boodskap daarvan oordra.

2.3.1



'N ADVERTENSIE VIR HANDREINIGER

2.3.2



'N ADVERTENSIE WAARIN MENSE AANGEMOEDIG WORD OM AS ORGAANSKENKERS TE REGISTREER

2.3.3



'N REKLAMEBORDADVERTENSIE VIR DIE FINANSIËLEBELEGGINGSFIRMA, ALAN GRAY

2.3.4



'N ADVERTENSIE VIR OUDIOBOEKE

2.3.5



'N ADVERTENSIE VIR 'N GROEP SONDER WINSOOGMERK

(5 × 2) (10)

2.4 Noem en bespreek VYF soorte inligting wat by 'n ontwerper se portefeulje ingesluit moet word. (5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL AFDELING A: 100

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Jy is 'n web- en grafiese ontwerper en begin met jou eie onderneming. Jou ideale klante is die eienaars van Suid-Afrikaanse kleinsakeondernemings. Jy moet jou dienste begin bemark en besluit om 'n bemarkingsveldtog vir jou onderneming te ontwerp.

Jy het die volgende nodig;

- 'n Duidelik omskrewe kerndiensaanbod ('n pakket om te bemark en te verkoop)
- 'n Handelsmerkontwerp vir jou onderneming
- 'n Sosialemedia-strategie en 'n webtuiste

Dink aan 'n naam vir jou web- en grafieseontwerp-onderneming en ontwerp 'n logo vir jou onderneming. Die styl moet dié van 'n kontinuelyn-logo wees. Jy kan kleure of interessante lynstyle (inkagtig, skoon, vlekkerig en dik of dun) gebruik.

Maak van BYLAE A gebruik om jou deur die proses te lei. Sien die voorbeelde hier onder.



Jou werk sal soos volg nagesien word:

- Die korrekte uitvoering van die opdrag
- Kreatiwiteit en die gehalte van die skets/ontwerp
- Die verskeidenheid konsepte wat jy in die dinkskrumproses gebruik het
- Die verduideliking van jou logo (waarom jy op die spesifieke simbolisme in jou grafika besluit het, wat dit beteken, ens) (20)

Kopiereg voorbehou

3.2 Ontwerp 'n stel van VIER vierkantige plasings op sosiale media om sleutelaspekte van jou hoofdienspakket te bemark. Die ontwerpe moet voortbou op die voorkoms en gevoel wat jy vir jou handelsmerk ontwikkel het toe jy die logo in VRAAG 3.1 ontwerp het.

Maak van BYLAE B gebruik om jou deur die proses te lei.

Die VIER plasings moet elkeen TWEE sleutelaspekte van die hoofpakket adverteer, byvoorbeeld die beklemtoning van die dienste wat ingesluit word, die prys, die naam van die pakket, hoe om jou te kontak om hierdie pakket te bestel, en ander toepaslike inligting.

Hier onder word enkele voorbeelde gegee.



(20)

3.3 TUISBLADONTWERP
Nagebootste uitleg/raamwerk ('wireframe')

Ontwerp 'n nagebootste raamwerk om jou onderneming se tuisblad te beplan. Gebruik die logo, voorkoms en gevoel en die inligting oor die sleutelpakket wat jy in VRAAG 3.1 en 3.2 ontwikkel het. Hier onder is sleutelinligting wat jy in aanmerking moet neem wanneer jy die vraag beantwoord.

Maak van BYLAE C gebruik om die vraag te beantwoord.



Die tuisblad van 'n suksesvolle webtuiste sluit die volgende elemente in:

1. Kopreël: 'n Webtuiste behoort binne DRIE sekondes vir besoekers te vertel wat die onderneming aanbied. Dit is waarom jou kopreël so belangrik is. Dit bestaan moontlik uit slegs enkele woorde, maar dit is een van die belangrikste stukke teks op jou webtuiste.
2. Subkopreël: Jou subkopreël moet die kopreël aanvul deur 'n bondige beskrywing te gee van wat die onderneming doen en aanbied. Dit kan effektief uitgevoer word deur op 'n gemeenskaplike punt te fokus waarvoor jou produk of diens 'n oplossing bied.
3. Ondersteuningsbeeld: Die meeste mense is visueel ingestel. Maak seker dat jy 'n beeld/foto (of selfs 'n kort video) gebruik wat duidelik aandui wat jy aanbied.
4. Navigasie: Die ontwerp en inhoud van jou tuisbladnavigasie kan die verskil wees tussen iemand wat op jou webtuiste bly en iemand wat verder rondsnuffel. Om die bonskoers te verminder, moet jy duidelik aandui hoe besoekers vanaf die tuisblad na jou webtuiste kan gaan. Maak die navigasiekieslys aan die bokant van die blad sigbaar en rangskik die skakels in 'n hiërargiese struktuur.
5. Duidelike oproep tot optrede: Die oproep tot optrede ('CTA') moet visueel treffend en ideaal gesproke in 'n kleur wees wat met die tuisblad se kleurskema kontrasteer, terwyl dit steeds by die algehele ontwerp inpas. Hou die teks kort – niks langer as vyf woorde nie – en op aksie gerig sodat dit besoekers dwing om te klik op dit wat jy aanbied. Voorbeelde van CTA-teks is: 'Teken in'; 'Maak 'n afspraak'; of 'Toets dit gratis'.
6. Oorsig van dienste/kenmerke: Jou waardeaanbod en video kan 'n bondige oorsig van dit wat jou onderneming doen, aan klante gee, maar dit is steeds belangrik, wat die inhoud betref, om hierdie kenmerke, produkte of dienste op jou tuisblad in te sluit.
7. 'n Duidelike waardeaanbod: Maak dit duidelik aan jou besoekers presies wat jy doen deur 'n duidelike waardeaanbod te voorsien wat maklik gekry kan word. Dit klink dalk as iets vanselfsprekends, maar jy sal geskok wees om te sien hoeveel webtuistes geensins 'n waardeaanbod verskaf nie.
8. Kliënte se blyke van waardering: Bewyse op sosiale media is 'n kragtige aanwyser van vertroue. Jou produk of diens kan die beste ter wêreld wees – en dit is aanvaarbaar om so 'n aanspraak te maak – maar mense gaan jou moontlik nie glo nie, tensy hulle dit by ander hoor. Dit is presies wat sosiale bewyse doen. Sluit slegs enkele van die beste (kort) aanhalings op jou tuisblad in en koppel dit aan gevallestudies, indien toepaslik. Deur 'n naam en foto by te voeg, verleen jy groter geloofwaardigheid aan hierdie blyke van waardering.
9. Skakels na sosiale media: Jy wil graag hê dat mense jou op sosiale media moet volg en by jou maatskappy betrokke moet raak. Plaas dus sosialemedia-knoppies op jou tuisblad op 'n konsekwente, konvensionele plek, waar mense dit maklik kan opspoor as hulle dit wil gebruik (dws in 'n kopskrif of voetskrif).
10. Kontakinligting: Jy kan fiktiewe kontakinligting as plekhouerteks hiervoor gebruik. (20)

3.4 Nadat jy die tuisbladkonsep van jou webtuiste ontwikkel het, is dit tyd om aan die teks (bewoording) te dink wat jy vir jou webtuiste nodig het.

Jy gaan bewoording vir die volgende nodig hê:

- Tuisblad
- Oor...-blad
- Diensteblad
- Blad waarop bepalings en voorwaardes voorkom

Stel 'n werksadvertensie vir 'n kopieskrywer op wat aan jou webtuiste kan werk. Maak seker dat jy die eienskappe waaroor die persoon moet beskik, beklemtoon sodat die kopieskrywer weet waaroor daar geskryf moet word.

Die advertensie moet instruksies insluit waarin die projek verduidelik word:

- Jou handelsmerk/onderneming
- Die ideale klante wat jy graag wil bereik
- 'n Oorsig van jou kernpakket (10)

[70]

VRAAG 4

4.1 WASHANDELSMERKSTEMPEL

Teken 'n uiters gedetailleerde potloodskets van jou logografika (soos in VRAAG 3.1 ontwerp is) asof die beeld deur 'n geelkoperstempel in warm was afgedruk is. Jou tekening moet die driedimensionele voorkoms van 'n wasstempel hê, insluitende die skaduwees en skerp kante wat diepte aandui.

Maak van BYLAE D gebruik om die vraag te beantwoord. Vul die hele raam wat vir jou skets voorsien is.

Voorbeelde word hier onder verskaf.



(15)



4.2 STEL JOU PROFESSIONELE PORTEFEULJE TEN TOON

Die webtuiste vir jou ontwerpsonderneming is die ideale plek waarop jy jou portefeulje aan potensiële kliënte en werkgewers ten toon kan stel.

4.2.1 Noem DRIE feite waarna voornemende werkgewers in portefeuljes op die uitkyk is. (3)

4.2.2 Noem VYF soorte ontwerpe wat jou vermoë om goed met tipografie te werk, ten toon kan stel. (5)

4.2.3 Wat is *persoonlike handelsmerkgewing*? (2)

4.2.4 Noem VYF stappe wat deel van die portefeuljeproses uitmaak. (5)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

STUDENT SE NAAM: ……..……
STUDENTENOMMER: ……..……..
DATUM: ……..……

BYLAE A

DIE NAAM WAT VIR JOU ONDERNEMING GEKIES IS:

DINKSKRUM- EN TOETSINGSIDEES: TOON MINSTENS VYF RUWE SKETSE IN KONSEPVORM.

TOP 3: HERDEFINIEER/TEKEN DIE DRIE BESTE KONSEPTE OOR, INSLUITENDE DIE ONDERNEMINGSNAAM EN DIE LOGOLYNGRAFIKA.

FINALE ONTWERP/VERFYN OF TEKEN JOU BESTE KONSEP OOR: VERDUIDELIK JOU ONTWERP.

……

……..

……..

……..

……...

Kopiereg voorbehou

STUDENT SE NAAM: ……..……
STUDENTENOMMER: ……..……..
DATUM: ……..……

Sosialemedia-plasings om jou sleutelpakket te bemark

PAKKETBESONDERHEDE
Die dienste/ontwerpe wat by hierdie pakket ingesluit word:

……
……
……
……

PRYSINGSTRATEGIE
Jy kan hier 'n raaiskoot waag. Die idee is om jou te wys hoe jy die prys van 'n dienspakket kan bereken.

1. Hoeveel werksure is daar elke maand tot jou beskikking? ……..
2. Hoeveel moet jy per maand verdien? ……
3. Wat is jou uurtarief (maandelikse inkomste/maandelikse ure)?
4. Hoeveel uur sal dit jou neem om hierdie pakket uit te voer? ……
5. Wat kos hierdie pakket (pakketure x jou uurtarief)? ……

DIE NAAM VAN JOU SLEUTELPAKKET
Voorbeeld: Die 'SPLINTERNUWE JY'-handelsmerkontwerpspakket

ONTWERP VAN DIE SOSIALEMEDIA-PLASING

Die VIER plasings hier onder moet 'n styl/voorkoms met mekaar en met die handelsmerk wat jy in VRAAG 4.1.1 ontwerp het, deel.

Die VIER plasings moet elkeen 'n sleutelaspek van TWEE elemente van die hoofpakket adverteer, byvoorbeeld 'n beklemtoning van die dienste wat ingesluit word, die prys, die naam van die pakket, hoe om met jou in aanraking te kom om hierdie pakket te bestel en ander toepaslike inligting.

Kopiereg voorbehou

STUDENT SE NAAM: ……..……
STUDENTENOMMER: ……..……..
DATUM: ……..……

Nagebootste tuisblad/raamwerkontwerp

Kopiereg voorbehou

STUDENT SE NAAM: ……..……
STUDENTENOMMER: ……..……..
DATUM: ……..…….

Wasstempel-illustrasie van 'n kontinuelyn-logo

Teken 'n uiters gedetailleerde potloodskets van jou logografika (wat in VRAAG 3.1.1 ontwerp is) asof dit deur 'n geelkoperstempel in warm was afgedruk is. Jou tekening moet die driedimensionele voorkoms van 'n wasstempel hê, insluitende die skaduwees en skerp kante wat diepte aandui. Vul die hele raam wat vir jou tekening voorsien is.

Kopiereg voorbehou